# Die Tweede Seël

Jeffersonville, Indiana, USA
19 Maart 1963

1 Goeienaand, vriende. Laat ons almal net 'n oomblik staan vir gebed, staan asb.

Ons Hemelse Vader, ons vergader weer by hierdie plegtige byeenkoms, vanaand, in die diens van die Here. En U het belowe dat waar ons ookal saam sal ontmoet, soveel as twee of drie van ons, dat U in ons midde sal wees. En ons kan verseker weet dat U hier is, want ons vergader in Sy Naam.

Nou bid ons, Vader, dat—dat U vanaand sal kom en hierdie Tweede Seël vir ons sal oopmaak. En soos die—die digter gesê het, hy wil graag verby die gordyn van tyd kyk. En dis ons begeerte, Here, is net om —net om verby te kyk en te sien wat voorlê. En ons bid dat die Lam wat geslag was, nou onder ons sal kom en die Seël sal oopmaak, en—en Dit aan ons sal openbaar, die dinge wat ons nodig het om te sien.

2 Daar mag sommige hier wees, Here, wat nog nie in hierdie groot broederskap rondom Christus gegaan het nie. Ons bid dat, vanaand, dat hulle daardie Ewige besluit sal neem, gevul sal word met die Gees van God.

As daar enige siekes is, Vader, bid ons dat U hulle sal genees. Daar is baie sakdoeke wat hier lê waarop ek my hande hou, ter herdenking van die—van die Bybel, van Paulus, waar hulle sakdoeke en voorskote vanaf sy liggaam geneem het. Onrein geeste het die mense verlaat, en hulle was genees.

Ons sien die Koms van die Here is naby. Ons weet dat die tyd naby is. Hierdie dinge het weer na die Kerk teruggekeer, na negentienhonderd jaar.

Nou bid ons, Vader, dat U hierdie dinge sal skenk waarvoor ons vra. Versterk U dienskneg, en help U diensknegte oral, Here, en veral ons wat vanaand hier vergader is, dat ons in staat mag wees om die Woord te ontvang. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

3 Sekerlik goed om weer terug te wees in die huis van die Here vanaand. En ek weet so baie van julle staan, ek—ek's jammer daaroor, maar daar's net niks meer wat ons kan doen nie. Ons—ons het die—die kerk net soos … dit vergroot tot waar ons drie of vier, driehonderd of vierhonderd meer kan inkry. Maar in die spesiale byeenkomste soos die, dra dit—dit 'n bietjie groter skare.

4 Nou, o, ek het net 'n wonderlike tyd, bid, en bestudeer hierdie—hierdie Seëls. Ek hoop julle almal, ook. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek is—ek is seker julle is. En as Dit soveel vir julle beteken as wat Dit is vir my, is dit beslis 'n … het julle 'n wonderlike tyd. En ek het 'n …

Ek wil 'n vriendin van my bel, na die diens. En dit is haar verjaarsdag. Sy is twaalf jaar oud vandag, Sarah, my dogter. En volgende, dan, oormôre, sal ek nog 'n oproep moet maak, want dis Becky se verjaarsdag.

5 En nou, vanaand, bestudeer ons hierdie Tweede Seël. En vir die eerste vier Seëls is daar vier perderuiters. En ek sê julle, vandag het iets weer gebeur. En, ek—ek, iets wat ek … Ek het die ou skrif wat ek gehad het gekry, waaroor ek gepraat het, lank gelede, en net daar neergesit. En ek het gedink: "Wel, ek—ek het die heel beste gedoen wat ek kon." En baie skrywers en dinge, en ek het gedink: "Wel, ek sal 'n rukkie lees, en kyk na *dit* en *dat.*" En voordat ek weet, gebeur iets net, en dis heeltemal anders. Dit word net iets anders. Toe gryp ek sommer gou vir my 'n potlood, en begin neerskryf net so vinnig as wat ek kan, terwyl Hy daar is.

6 O, iets het gebeur net omtrent 'n uur en 'n half gelede. Ek het vir Broer Woods gesê, oppad, net 'n paar minute gelede. Net iets, julle weet. Julle weet, daar gebeur baie dinge, wat jy net nie oor kan praat nie, julle weet. Maar iets het net plaasgevind wat my net so baie gehelp het.

Ek het 'n vriend hier iewers in die gebou. Natuurlik, julle is almal my vriende. Hierdie—hierdie broer is Broer Lee Vayle. Hy's 'n kosbare broer, en 'n ware student van die Skrif. Dr. Vayle is 'n Baptis met die Heilige Gees. En hy's 'n … Ek sê nie as 'n kompliment nie, ek sê dit net omdat ek dit glo. Ek dink hy is een van die beste geleerdes wat ek van weet, in ons geledere. En hy het net vir my 'n notatjie hier geskryf, en dit gestuur met Billy. En Billy kon dit skaars verduidelik, aan my. En ek dink … Ek het dit nog nie gelees nie, maar ek gaan net sê wat hy hier geskryf het. En ek het dit nou net gelees, Broer Vayle, as jy hier is. Ek het dit net omtrent ses maande gelede gelees.

7 "Ek is nie positief nie," het hy gesê. "Broer Bill, ek is nie positief nie, maar ek glo dat Polycarp 'n student van Johannes was." Dis korrek. Hy was. "Ek dink Irenaeus was 'n student van—van Polycarp." Dis korrek, presies. "Irenaeus het gesê: 'Jesus sal terugkeer—sal terugkeer wanneer die laaste uitverkore lid van die Liggaam van Christus inkom. '"

Dit was Irenaeus, omtrent vierhonderd jaar by die … na die dood van Christus. Hy het gesê: "Wanneer hierdie laaste eeu inkom …" Nou, dis in die—die Pre-Nicaea Raad. Julle kêrels hier, wat lees die —die … Skrif bestudeer, en bestudeer die … ek bedoel, bestudeer die geskiedenis van die Bybel, julle vind

dit in die voor- … in die Pre-Nicaea Raad. En ek dink dis die eerste boek of die tweede boek, sal julle dit vind. En nou, hy het dit gesien, jare gelede, wat hy gesê het: "Met die laaste, laaste— een wat uitverkies is, uitverkies."

8 Mense dink dat uitverkiesing iets is wat net —wat net iets uitgebroei het hier onlangs. Goeiste! Dis een van die oudste leringe wat ons het: uitverkiesing en roeping. En so het Irenaeus, ook, die ware studente van die Skrif, het altyd geglo in uitverkiesing.

En so was Irenaeus een van die—die engele van die kerk tydperk, soos ons gesien het, soos ons studeer het. Ons glo. Natuurlik, nou, hulle was almal verborgenhede. Hulle is almal hier, reg, versteek net hier in hierdie Seëls, julle sien. En hulle moet geopenbaar word in die laaste dag. Hoe hulle begin het met Paulus, en—en Irenaeus, en Martin, ensovoorts, af, en afgekom het tot die laaste eeu.

9 En, nou, ons vertrou nou dat die Here ons sal seën in ons pogings vanaand. Nou ons het Die Eerste Seël, ek het dit beslis geniet. Die Eerste Seël, die seëninge wat Daarmee saamgegaan het, vir my!

En nou wil ek—ek julle nie te lank hou nie. Maar, julle sien, ek—ek sal weer weggaan, oor 'n paar aande, en nadat dit verby is. En ons moet net soort van 'n bietjie swaar kry. En ek waardeer …

10 Ek sien Broer Junior Jackson daar staan. Ek … En ek het gedink ek het Broer Ruddell gesien, 'n paar oomblikke gelede, hier iewers. En daardie broers, dis ons susterkerke wat toegemaak het, en die ander. Ons waardeer dit beslis. En ek sien Broer Hooper, glo ek, wat staan daar langs die muur, van Utica, die kerk daar. En ons waardeer beslis julle almal se goeie samewerking hiermee.

11 Nou, gisteraand, soos ons altyd, in die onderrig oor die—oor die Seëls, ons leer julle dit op dieselfde manier as wat gedoen was met die—met die—die kerkeeue. En toe ons klaar was met die onderrig van die kerkeeu, die laaste keer toe ek dit hier geteken het op die—op die preekstoel, op 'n bord, hoeveel onthou wat plaasgevind het? Hy het reg afgekom, reguit teruggegaan op die muur, in 'n Lig, en dit afgevee, Homself, net daar op die muur, voor ons almal. Die Engel van die Here het net hier voor etlike honderde mense gestaan.

En nou doen Hy—Hy doen ook iets werklik bonatuurliks nou, ook, so ons verwag net groot dinge. Ons weet nie … Jy wag net vir daardie—daardie groot afwagting, weet net nie wat volgende gaan gebeur nie, julle weet, net—wag net. Nou, hoe groot is God vir ons, en hoe wonderlik! Ons waardeer Hom so!

12 Nou, die 1ste en 2de vers, ek sal Dit lees, om soort van 'n bietjie agtergrond te gee. En dan sal ons die 3de en 4de vers neem, vir die Tweede Seël. En dan is die 5de en 6de vers die Derde Seël. En die 7de en 8ste dis twee verse vir elke perderuiter. En nou wil ek hê julle moet kyk hoe hierdie kêrels Op hierdie vaal perd, miskien … Hier kom dit, bly net verander soos dit afgaan.

13 En dan daardie groot, laaste Seël om oopgemaak te word, as God wil, volgende Sondagaand! Dat, toe dit gebeur het, was daar net, enigste ding wat plaasgevind het: "was stilte in die Hemel vir 'n halfuur." God help ons.

Nou ek sal die 3de vers nou lees.

> *En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk!*
>
> *En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.*

14 Nou, 'n misterieuse ding nou, toe die—die Gedierte vir Johannes gesê het: "Kom net en kyk." En hy het nie gesien wat dit was nie. Hy het net 'n simbool gesien. En daardie simbool, die rede waarom dit … Hy het gesê: "Kom, kyk," maar hy het 'n simbool gesien, wat hy dit vir die kerk moes simboliseer, op 'n manier wat hulle sou kyk; totdat dit by die laaste eeu gekom het, en dan sou die Seël oopgemaak word.

15 Nou, almal verstaan dit nou, sien, die Seëls sou oopgemaak word. En is julle nie bly om in hierdie dag te lewe nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Dit, sien, nie net dit nie, vriende, maar onthou nou altyd, verlede Sondagoggend, waarop die hele ding gebaseer was, eenvoud! Sien? Eenvoudig, nederig, gebeur op so 'n manier dat mense net reg verbygaan en nie eens weet Dit gebeur nie.

En, onthou, ons kyk vir die Koms van die Here, enige tyd. En wanneer ons … Ek het 'n stelling gemaak, dat miskien sal die Wegraping dieselfde wees. Dit sal klaar wees, verby, en niemand sal niks daarvan weet nie. Dit sal net so wees. Sien? En gewoonlik … Gaan net terug deur die Bybel en kyk hoe dit so gebeur. Sien?

Selfs so 'n groot ding soos die koms van die Here Jesus, niemand het iets daarvan geweet nie. Hulle het gedink: "Daardie maltrap, iemand." Die kerke het gesê: "Net 'n fanatikus. Ons … Hy is regtig mal."

Gesê: "Hy's 'n mal man." "Ons weet U is mal." *Mal* beteken "kranksinnig." "Ons weet U het 'n duiwel, en dit maak U mal. En U probeer ons leer? Wanneer, U daarbuite gebore is, buite-egtelik. Ons … U is in ontug gebore. Probeer mense soos ons leer, die priesters, ensovoorts, die tempel?" Wel, goeiste, dit was 'n belediging vir hulle.

16 Toe Johannes gekom het, was voorspel, af deur die eeue, van Jesaja tot Maleági. Dis twaalfhonderd … of sewehonderd-en-twaalf jaar, was hy gesien deur die profete, wat sou kom. Almal het uitgekyk vir hom om te kom, het dit enige tyd verwag. Maar die manier waarop hy gekom het, hy het gepreek en sy diens verrig, en het na die Heerlikheid gegaan.

En selfs die apostels het dit nie geweet nie, want hulle het Hom gevra. Hulle het gesê: "Nou, as—as die Seun van die mens na Jerusalem gaan, al hierdie dinge, om geoffer te word," gesê: "waarom is dit dat die Skrif sê dat 'Elía eerste gaan kom'?"

Jesus het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie. En hy het net presies gedoen wat die Skrif gesê het hy sou doen. En hulle het aan hom gedoen net wat gelys was." Sien? En hulle kon dit nie verstaan nie. Hy het gesê: "Dit was Johannes."

En, dan: "O!" Sien, hulle—hulle het wakker geword, met dit. Hulle …

17 En toe, selfs, uiteindelik, na al die dinge wat Hy—Hy gedoen het, en die tekens wat Hy hulle gewys het, en hulle selfs geroep het. Het gesê: "Watter een van julle kan My oordeel vir sonde, ongeloof? As Ek nie net gedoen het wat die Skrif gesê het dat My amp sou doen wanneer Ek na die aarde kom nie, wys My dan waar Ek gesondig het. Sien? Dan sal ek—ek julle wys wat julle veronderstel is om te wees, en laat ons sien of julle dit glo, of nie." Sien? Hy sou reg teruggekom en sê: "Julle was veronderstel om in My te glo wanneer Ek kom." Hulle het dit nie gedoen nie, sien, so hulle het van beter geweet om dit op Hom te sit, oor dit. Maar Hy het gesê: "Watter een van julle kan My van ongeloof beskuldig? Sien? Het ek nie gedoen net wat dit was nie?"

18 En selfs die apostels, wat aangegaan het, het gestruikel. Ons weet hoe die Skrifte gaan. Toe uiteindelik, ten einde, het hulle gesê: "Nou glo ons. Ons glo dat geen mens U hoef te vertel nie, want U weet alle dinge."

Nou, ek sou net graag Sy gesig wou gesien het. Hy moes na hulle gekyk het, gesê het: "Wel, glo julle nou? Uiteindelik het dit tot julle deurgedring." Wel, dit was nie veronderstel om te wees, miskien, tot daardie tyd nie, julle sien. En God werk alles net reg, julle weet. Ek—ek het Hom lief daarvoor.

19 Maar nou dink ons nou aan ons tydperk. Want, as ek begin praat daaroor, sal ons nie by hierdie Seëls kom nie, glad nie.

En nou, onthou, ek kry baie versoeke vir gebed vir die siekes. En ek bid vir die … die heeltyd, vir elke versoek wat ek kry, en vir die sakdoeke en goed. En as ons hierdie Seëls klaar kan kry, tot die laaste Seël, Sondagoggend … As dit die wil van die Here is, wil ons graag net 'n goeie outydse genesingsdiens hier hê, julle weet, waar ons net die hele oggend neem om vir die siekes te bid. En ek—ek is baie seker dit sal 'n vreemde genesingsbyeenkoms wees. Sien? Ek het net 'n gevoel soos dit, julle sien. En so, nie vreemd nie, maar dit mag 'n bietjie vreemd wees vir sommige, sien, wat ek bedoel.

20 Nou, hoe groot is God se genade, om Sy geheime aan ons te openbaar in hierdie dag! Nou, ons almal glo dat ons in die laaste dae lewe. Ons glo dit. En onthou, die geheime moes geopenbaar word in die laaste dag. En hoe openbaar Hy Sy Woord, Sy geheime? Die Bybel het gesê. Sou julle graag wou lees waar Hy dit sê? Laat ons net blaai en sien hoe Hy Sy geheime openbaar.

Nou ek wil hê julle moet Amos lees. Blaai om na die Boek van Amos, en ek wil hê julle moet lees in die 3de hoofstuk van Amos, en die 7de vers. Goed. Ek sal die 6de vers ook lees.

> *Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?*
>
> *Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.*

21 Nou, in die laaste dae, is ons … Dit word vir ons voorspel dat daar 'n —'n profeet sal opstaan.

Nou, ons weet dat ons alle soorte gehad het. Nou, ek besef, nadat ek vanaand rondgekyk het, ek—ek praat hier waar studente sit, en ek—ek wil graag hê julle moet my verstaan. En julle besef, hierdie bande gaan oor die wêreld, sien, amper die hele wêreld. En ek wil nie hê julle moet, geensins, dink dat ek probeer om een of ander soort van 'n—'n kult van Elía se komberse of klere in te stoot nie. En al—al daardie dinge, ons het baie van hulle gehad. Maar, julle weet, al daardie dinge is net 'n voorganger van die ware ding wat moet kom, om die mense af te sit.

22 Het julle geweet ons het vals—vals leiers het opgestaan, vals messiasse, voor Christus daar was? Het, het nie die … Die leraar van daardie dag, daardie magtige leraar, Gamaliël, toe die—die vraag opgekom het oor die slaan van hierdie mense, ensovoorts, het hy gesê: "Los hulle uit. As dit van God is, wel, dan sal jy gevind word om te veg teen God. Maar as dit nie van God is nie …"Gesê: "Het 'n man nie opgestaan, nie lank gelede nie, en het vierhonderd in die wildernis ingeneem, ensovoorts? Ons het daardie goed." Wat was dit? Al dit gaan voor die ware Ding wanneer Dit kom.

23 Nou, sien, Satan rig hulle op. Kyk na die listigheid van hierdie kêrel waarvan ons hier praat, Satan, waar ons hom net hier ontbloot; stroop hom net af, deur die Skrifte, en laat julle sien wie hy is. Dis wat die … wat veronderstel is om gedoen te word.

En, onthou, hy het nie probeer ingaan om 'n kommunis te wees nie, Satan het nie. Hy's 'n antichris. "So naby, dat, "Jesus gesê het: "sou die einste Uitverkorenes mislei …" En dis die wat weggesteek is in hierdie Seëls, wie se name op die Boek is sedert die grondlegging van die wêreld.

24 Hy is 'n uitgeslape kêrel. En wanneer hy hierdie ding sien kom, opkom, dan gooi hy alles wat hy kan daar oop, om dit te stop voor dit daar kom. Het julle geweet daar sal vals christusse opstaan in die laaste dae? Dit behoort onmiddellik hierna te volg, na hierdie groot Boodskap wat hierdie broer sal spreek, wat werklik sal kom, gesalf wees in die gees van Elía, onmiddellik.

En hulle sal hom mis. Party van hulle sal dink hy is die Messias. Maar hy sal streng sê: "Nee." Want, dit moet gebeur soos met Johannes.

In die tyd van Johannes die Doper, toe hy daar uitgegaan het om te preek, het hulle vir hom gesê: "Is jy nie die Messias nie? Is jy nie Hy nie?"

Hy het gesê: "Ek is nie. Ek is nie waardig om Sy skoene los te maak nie. Maar ek—ek doop julle met water, maar Hy sal doop met die Heilige Gees." En Johannes was so seker dat Hy op aarde was, hy het gesê: "Hy is tussen julle, êrens, nou."

Maar hy het Hom nie geken totdat hy daardie teken op Hom sien neerdaal het nie. Toe, hy daardie Lig sien neerdaal en uitsprei soos 'n duif, en op Hom geskyn het, het hy gesê: "Daar is Hy. Dis Hy." Maar Johannes was die enigste een wat Dit gesien het, julle weet. Johannes was die enigste een wat die Stem gehoor het. Die res van hulle daar, niemand het Dit gehoor nie.

25 Maar dan wanneer die ware, regte dienskneg verskyn; met al die nabootsing van dit, is dit om die mense se gedagtes om ver te werp. Satan doen dit. En diegene wat nie reg van verkeerd kan onderskei nie, hulle strompel net daaroor. Maar die Uitverkorenes sal dit nie doen nie; die Bybel het gesê hy sal nie in staat wees om die Uitverkorenes te mislei nie. En nou, net voor die Koms van Christus, het die Bybel gesê: "Daar sou vals christusse opstaan, en sou aanspraak maak om Christus te wees, en sal sê: 'Kyk, die mense sê Hy's in die woestyn.' Moet dit nie glo nie. 'Kyk, Hy's in die geheime kamer.' Moet dit nie glo nie."

26 "Want soos die son skyn van die ooste na die weste, so sal die Koms van die Seun van die mens wees." Sien? Ja, Hy sal—Hy sal—Hy sal verskyn, en dit sal 'n universele ding wees. En nou sal dit, nou, natuurlik, wanneer hulle uitvind dat iets plaasgevind het, julle sien, dan sal hulle … Nou, onthou, dit sal plaasvind onmiddellik na die Kerk Huis toe gegaan het, na die Wegraping.

Nou daar sal vals nabootsings wees, die hele tyd, en ons bedoel nie om verbind te wees aan enigiets soos dit nie. Nee, meneer.

En ek glo, wanneer die persoon kom, hierdie een wat voorspel is om te kom, ek wys dit net deur die Skrifte, dat die man 'n profeet sal moet wees. Hy sal beslis. En die openbaring van God, omdat God, Die Woord van die Here kom na Sy profete. Dis presies reg. Dis … En God kan nie verander nie, julle sien. As Hy 'n beter sisteem gehad het, sou Hy—sou Hy dit gebruik het. Maar Hy—Hy het Hy het die beste sisteem gekies in die begin.

27 Net soos, Hy kon die son gekies het om die Evangelie te verkondig. Hy kon die maan gekies het. Hy kon die—die wind gekies het. Maar Hy het die mens gekies. En Hy het nooit groepe gekies nie. Indiwidue! Sien?

En nooit twee groot profete op die aarde op dieselfde tyd nie. Sien, elke man is anders, hy het 'n ander samestelling. As God een persoon kan kry, dis al wat Hy hoef te hê, reg in Sy hand, Hy kan doen wat Hy wil. Hy moet net een hê. In die dae van Noag; dae van Elía; dae van Moses.

Baie het opgestaan, in die tyd van Moses. Julle weet hoe hulle gemaak het, en wou sê: "Wel, jy's nie die enigste heilige in die klomp nie," en—en Dathan en—en Korag.

En God het gesê: "Sonder jouself net af. Ek sal net die aarde oopmaak en hulle laat verdwyn." Sien julle? En—en so …

En toe het die mense begin kla. Hy het gesê: "Ek sal net—ek sal net die hele ding wegneem."

En daar het Moses die plek van Christus ingeneem, toe, om homself in die breuk gesit, en gesê het: "Moet dit nie doen nie, Here." Sien? En, natuurlik, hy … Nadat Hy Moses georden het om dit te doen, Hy was nie oor Moses nie, want hy het in daardie tyd soos Christus opgetree. Dit was Christus in Moses. Absoluut.

28 Nou, ons is so bly vandag dat God Homself aan ons openbaar. En ek glo die groot Dag begin net om te breek, word lig. Die Ligte begin om te flits. Die voëls van die paradys het begin sing in die heiliges se hart. Hulle weet dat dit nou nie meer lank is nie. Iets gaan gebeur, moet net. So as "Hy nie enigiets doen nie …"

Nou, die hele Skrif is geïnspireer. Die Skrifte moet absoluut die Waarheid wees. Geen manier om dit nie. Daar is waar ek verskil met ons vriende, die Katolieke kerk. Ek glo dat Dit nie net deur blote mense geskryf is nie. Ek glo Dit was te wee gebring deur die Heilige Gees. En al hierdie klein dingetjies wat bygevoeg is, probeer Daaraan toevoeg; het julle opgelet, op die uiteinde, was elke een uitgeskop.

29 En hierdie regte, ware Skrifte pas in, een met die ander, dat daar—daar geen teenstrydigheid in is nie, nêrens nie. Wys my een stuk literatuur wat kan—wat 'n vers kan skryf, kwalik, sonder om homself te weerspreek, of skryf—'n vers skryf, of twee. En die Bybel weerspreek Homself nie, nêrens nie. Ek het gelees die ou kritici sê dit, maar ek het 'n aanbod vir hom vir 'n lang tyd al, om my te wys waar dit is. Dit is nie hierin nie. Dis net omdat die menslike verstand verward is. God is nie verward nie. Hy weet wat Hy doen. Hy weet.

Kyk, as God die wêreld gaan oordeel volgens 'n kerk, soos die Katolieke kerk sê dit is, goed, watter kerk is dit dan? Kyk net na die kerke wat ons het. Ons het negehonderd-en-iets, verskillende organisasies van kerke. Nou hoe … Een leer op *die* manier, en een op *daardie* manier. Wat 'n verwarring, dan, enigiemand doen net enigiets wat hulle wil, gaan jy in elk geval aan. God moet een of ander standaard hê, en dis Sy Woord.

30 Praat … Praat nie net oor die Katoliek nie, nou, want die—die Protestant is net so erg. Maar het gepraat met 'n priester, hy het gesê: "Mnr. Branham," het hy gesê: "God is in Sy kerk."

Ek het gesê: "Meneer, God is in Sy Woord. En Hy is die Woord." Ja, meneer.

Hy het gesê: "Wel, Hy's in … Die kerk is onfeilbaar."

Ek het gesê: "Hy sê nie dit nie. Maar Hy het gesê die Woord is onfeilbaar."

Hy het gesê: "Wel, ons het altyd daardie doop geleer op daardie manier, ensovoorts."

Ek het gesê: "Wanneer?"

Het gesê: "Terug in die vroeë dae."

Ek het gesê: "Laat julle dit toe dat dit die Katolieke kerk is?"

Hy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Dan, is ek Katoliek, outydse Katoliek. Ek glo die outydse manier. Julle mense vandag het Dit alles deurmekaar, en skaars enigiets in die Skrif wat julle leer. Bemiddeling met vroue en dooie mense, en al hierdie ander dinge, en, o, goeiste, wat nie vleis eet nie, en, o, ek weet nie wat alles nie, sien." Ek het gesê: "Vind jy dit in die Skrif vir my."

Hy het gesê: "Dit hoef nie daar te wees nie. Solank die kerk so sê, is dit so. Maak nie enige verskil wat Dit sê nie, dis die kerk."

Ek het gesê: "Die Bybel het gesê, dat: 'Wie ookal een woord Daaraan toevoeg, of Een wegneem, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe.' So, dis die Woord! Ek glo die Woord."

31 Nou, en, dan, as Amos sê, en ander Skrifte om daarmee saam te gaan, dat as …

En onthou, hieroor, ons raak net die hoogtepunte Daarvan. Net, goeiste, as … Wanneer ek daar in daardie kamer kom, en—en daardie Salwing afkom, as ek kan neerskryf wat Hy … wat alles aangaan, sou ek hier wees vir drie maande met een van die Seëls. So raak net die plekke en laat Dit uit, net wat dit is dat dit nie die mense sal demper nie. Maar, tog, nie om hulle seer te maak nie, maar net dat, glo, dit sal—dit sal die ding temper. Julle weet wat ek bedoel.

32 Nou, kyk nou hierna, as "God doen niks nie," het Amos gesê: "totdat Hy dit eers openbaar aan Sy dienskneгte, die profete." En, dan, sien ons wat Hy doen. Dit moet wees dat Hy gereed maak om iets te doen, wat Hy nou openbaar. God maak gereed om op die toneel te verskyn, in oordeel, glo ek. Hy maak

gereed om iets te doen. En nog een ding, dit getuig sekerlik, ons is in die laaste dae. Ons is aan die einde van die eeu, die Laodicése Kerktydperk nou, want hierdie dinge moes geopenbaar word eers in die laaste dag.

33 Nou, dink nou net daaraan. Laat ons— dit net laat insink in wat ons glo wat die Heilige Gees ons wil laat weet.

Onthou nou: "Niks sal geopenbaar word; God sal niks doen, glad nie, totdat Hy dit eers aan Sy dienaars, die profete, openbaar nie." En voor Hy enigiets doen, openbaar Hy dit. En wanneer Hy dit openbaar, julle kan dit onthou, iets is oppad. Sien, dit word geopenbaar.

34 En hierdie dinge waarvan ons praat sou geopenbaar word in die laaste dag, net voor die laaste Basuin, aan die einde van die Boodskap van die laaste kerkeeu. Dis reg. As julle dit nou wil lees, kan julle blaai na … Julle, ek het julle gewys, gisteraand, drie keer, Openbaring 10:1-7, sien. "En in die dae van die stem van die sewende engel se Boodskap, dan is die verborgenheid van God volbring en voltooi." En daar's net een ding oor. Wanneer hierdie sewe-verseëlde Boek oopgemaak word, dan sal die hele verborgenheid van God …

Wel, ons het Dit ondersoek, deur die jare. En volgens die Skrif, dan, sal ons daar was geen manier om Dit te verstaan tot hierdie dag nie, want Dit was weggesteek. Ons het die simbool gesien, waardeur Dit gesimboliseer is, maar Dit kon nie korrek geopenbaar word tot die laaste dag nie. Sien? Nou, dan, ons moet daar wees, by die—aan die endtyd.

35 Nou, onthou. Moenie … En moenie nou vergeet dat: "Hy doen niks totdat Hy dit openbaar nie." En moenie vergeet nie, ook, dat Hy dit op so 'n eenvoudige manier doen, dat: "Die wyse en verstandige dit sal mis." Nou, as julle dit wil neerskryf, dis Matthéüs 11: 25-26. En, onthou: "Hy doen niks totdat Hy dit openbaar nie." En Hy openbaar dit op so 'n manier dat die slim, geleerde mense dit mis. Onthou, dit was wysheid wat die wêreld begeer het in plaas van die Woord, toe die eerste sonde gedoen het wat dit gedoen het. Moet dit nou nie vergeet nie. O, hoe dankbaar behoort ons te wees, om dit te dink!

36 Nou kyk net na die dinge wat gebeur! Kyk na die dinge wat Hy vir ons gesê het! Kyk hier in hierdie tabernakel, julle mense wat hier saamgebring is. Nou gaan ek die opnemers van die bande vra. Wel, gaan voort, neem dit op band. Maar, kyk, ek gaan dit net vir die tabernakel mense sê, julle wat reeds hier was. Ek daag enige van julle uit, in die Naam van die Here Jesus, om jou vinger op een ding te sit, van die honderde dinge wat vertel is voor hulle gebeur het, en sê dit het nie gebeur nie. Sê my eenkeer, waar op die platform, erens, waar dit ookal was, wat Hy ooit enigiets gespreek het wat nie heeltemal presies net so was nie. Hoe? Kan 'n menslike verstand so wees? Sekerlik nie.

37 Toe Hy daar by die rivier verskyn het, drie-en-dertig jaar gelede hierdie komende Junie, in die vorm van 'n Lig! Julle ouer mense onthou wat ek vir julle gesê het, van 'n klein seuntjie, daardie Stem en daardie Lig. En mense het gedink, net 'n bietjie van die kop af. Natuurlik, ek sou waarskynlik dieselfde ding gedink het, as iemand dit gesê het. Maar nou hoef julle nie oor Dit te wonder nie. En die Kerk wonder nie sedert 1933 nie, daar op die rivier daardie dag, waar ek honderde mense gedoop het!

Ek onthou daardie Marra-seun het vir my gesê: "Gaan jy af om daardie mense te dompel, Billy?" Klein Jim Marra hieronder, ek dink hy's nou dood. Ek dink hy is daar doodgemaak; een of ander vrou het hom geskiet. Maar hy—hy het my gevra: "Gaan jy af om daardie mense te dompel?"

Ek het gesê: "Nee, meneer. Ek gaan hulle doop in die Naam van ons Here Jesus."

38 En daar het 'n vrou saamgegaan in die groep. Sy het vir 'n ander vrou gesê, sy het gesê … 'n opmerking gemaak, iets daaromtrent. Sy het gesê: "Wel, ek sal nie omgee om gedompel te word nie." Gesê: "Dis in orde. Ek gee nie om nie."

Ek het gesê: "Gaan terug en bekeer jou. Jy is nie geskik om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus nie." Sien?

Dit is niks om mee te speel nie. Dis die Evangelie van Christus, geopenbaar deur 'n opdrag, die Woord. Net, nou, as jy sê: "Onsin en dwaasheid," jy kan dit êrens anders geplaas het. Maar, onthou, dis belowe in die Woord dat dit sou gebeur, en net presies wat dit sou wees. En hier is dit.

39 Toe, daaronder daardie dag, toe hulle by die rivier gestaan het! En die Engel van die Here, wat ek vir julle gesê het dat dit het gelyk soos 'n—'n ster of iets in die verte, toe het Dit nader gekom, en het julle vertel hoe die Lig smarag gelyk het. En daar het Dit gekom, reg daar op die rivier waar ek gedoop het.

Toe, sakemanne hieronder in die stad, gesê het: "Wat het dit beteken?"

Ek het gesê: "Dit was nie vir my nie. Dit was vir julle. Ek glo. Sien? Dit was om julle ontwil, dat God dit gedoen het, om julle te laat weet dat ek julle die Waarheid vertel." Seinde 'n kind, 'n seun, soort van, en omtrent een-en-twintig jaar oud, hulle—hulle sou dit nie glo nie, julle sien, want dis te veel vir 'n kind.

En toe het ek gedink …

40 Broer Roberson hier, een van ons trustees, ek het hom hier 'n paar minute gelede gesien. Hy het my die ander dag vertel van in Houston toe hy daar was toe die foto daar geneem is, wat julle sien. En ek was … Op daardie debat, nou die aand was ek besig om iets daaroor te sê. Broer Roy was die enigste … met nog 'n man, was die enigste persoon in die groep wat 'n opnemer gehad het. Dit was een van daardie outydse draadopnemers. Ek sien Broer Roberson nou, en sy vrou. So, en—en dit, Mev. Roberson was siek.

Broer Roy was 'n veteraan. En sy bene was opgeblaas, en hulle het hom vir dood uitgelê. Hy was 'n offisier in die—in die Leër. En 'n Duitse agt-en-tagtig het hierdie tenk getref waarin hy was, en dit het die man amper doodgemaak, en hom in stukke geblaas. Hulle het hom uitgelê, vir dood, vir 'n lang tyd. En hulle het gesê hy sou nooit loop nie, want albei bene was afgeskeur, die senuwees in hulle, en dinge. Goeiste, hy kan amper meer as ek stap.

Maar wat was dit? Daar was iets wat hy gesien het, en hy het na Houston gegaan. En hy het my vertel van sy vrou. En hy het die—hy het die opname; hy gaan dit op 'n band sit. En na die dienste hier verby is, wel, gaan hy dit vir julle almal speel, hoop ek. En op die ou opnameband daar, het hy my dienste wat gehou was in Houston. En toe het sy vrou, het hy gesê, dit daar gekry, en hy het dit nooit opgelet tot die ander dag nie.

Sy was, o, sy was so treurig. Sy was siek, en sy wou in die gebedslyn kom. Hulle het my nie geken nie, en ek het hulle nog nooit in my lewe gesien nie. So sy het by 'n—'n venster gesit daardie dag, uitgekyk, en so somber, julle weet, en ontsteld, en gewens sy kon 'n gebedskaart kry, om in die ry te kom.

En, toevallig, daardie aand het sy in die ry gekom, of aand daarna, of iets. Ek glo, dieselfde aand. En sy het in die ry gekom. En toe sy op die platvorm opgekom het, het die Heilige Gees vir haar gesê,: "Nou, jy's nie van hier nie. Jy's van 'n stad genaamd New Albany." En het gesê: "Jy het vandag by 'n venster gesit, uitgekyk, en so bekommerd om 'n gebedskaart te kry." Daar is dit, op die band, jare gelede.

41 En toe aan die begin van die diens, toe die Heilige Gees daar was … Dit was die begin van die diens. Ons het net omtrent drieduisend mense gehad, toe het ons na agtduisend gegaan, toe na omtrent dertigduisend. So toe in die … Terwyl ek gepraat het by een van die heel eerste dienste, het ek gesê: "Ek weet nie waarom ek dit sê nie." Nou, dis op die band. "Maar, dis, ons is … Hierdie gaan een van die hoogtepunte van my tyd wees. Iets gaan gebeur gedurende hierdie byeenkoms, wat groter gaan wees as wat enigiemand nog gesien het."

En dit was net omtrent agt of nege, tien aande daarna, toe die Engel van die Here voor omtrent dertigduisend mense verskyn het, en afgekom het, en die foto geneem is. Daar is Dit, net nou, wat kopiereg het in Washington, D.C., as die enigste bonatuurlike Wese wat ooit in die wêreld gefotografeer is.

42 Toe het ek gepraat oor, julle weet, gesê een of ander tyd, onder die beheer, gesê: "'n Persoon is oorskadu met die dood. Daar is 'n donker kap, van 'n skaduwee. Hulle maak gereed om te sterf."

En toe hierbo by East Pines, of Southern Pines, glo ek dit is, net toe ek daar was in die laaste diens. 'n Dametjie wat daar gesit het, en Iets het vir haar gesê: "Neem daardie foto, sommer gou," toe ek met 'n dame gepraat het. En daar was dit. Ek dink dit sal op die kennisgewingbord wees; was, vir 'n hele ruk. Daar hang daardie donker kap regoor die dame.

Sy het 'n ander foto geneem, sodra die Heilige Gees dit aangekondig het. Dit was weg. Gesê: "Jy gaan genees word. Die Here het jou genees. Die kanker is weg." En daar was dit. En sy is genees. Sien? Daar het julle dit. Sien?

Dit wys net dat God weet wat die tyd van die dag is. Ons nie. Ons moet Hom net gehoorsaam.

Nou ons kan net aanhou praat, maar laat ons nou aangaan, net 'n oomblik, en hierdie vorige Seël aanraak, sodat ons hierdie een met Dit kan saamvat. Nou, net 'n oorsig, vir 'n paar ma- … 'n paar oomblikke, die—die ander, die Eerste Seël.

43 Ons let op, met die oopmaak van die Eerste Seël, het Satan 'n—'n super, godsdienstige man. Het julle opgelet daardie wit perd ruiter? Wat, hulle, dis wat hulle gedink het was 'n … die vroeë Kerk wat begin het; maar, o, goeiste, dit is geleer deur die jare, maar dit kon nie wees nie. Kyk net wanneer die res van hulle, wanneer ons hulle almal saambind, kyk dan wat dit is, sien. Nou, en ek weet nog nie wat die res van hulle gaan wees nie. Maar ek weet dit moet net perfek so wees, want dis die Waarheid. Dis die Waarheid. Dit was die hiërargie kerk van Rome, presies.

44 Hierdie mense wat dink dat die Jode die antichris is, hulle is sekerlik 'n miljoen myl af. Julle moet nooit dink die Jode is 'n antichris nie. Hulle oë was verblind, doelbewus, dat ons 'n manier kon hê om in te kom, wat ons 'n tyd van bekering gee.

Maar die antichris is 'n Heiden. Sekerlik. Dit is 'n nabootser van die Waarheid; anti: "teen." Nou, hierdie groot superman, o, hy het 'n belangrike man geword, en—en is toe uiteindelik op die troon. En toe, na die troon, is hy gekroon. En nou, hy, na dit, word hy aanbid in die plek van God.

Nou, kyk, voor dit ooit gebeur het. Wil ek julle iets vra. Wie was dit? Wat was Dit op Paulus, in Twee Thessalonicense 2:3, wat gesê het dat die man sou kom? Waarom het daardie man gekyk deur die eeu en dit gesien? Hy was God se profeet. Sekerlik. Hoekom was …

45 Hy het gesê: "Die Gees spreek uitdruklik, dat in die laaste tye sou hulle weggaan van die geloof, en ag sou gee aan verleiding …" Julle weet wat *verlei* is. 'n Verleidelike gees in die kerk, dit is geestelikes. "Verleidelike, geestelike gees, werking van duiwels; skynheiliges in die kerk."

"Roekeloos, hoogmoedig," wys, julle sien, slim, intelligent; "het 'n vorm van godsaligheid." (Gaan net, sê: "Wel, ons is Christene; ons moet kerk toe gaan.") "Het 'n vorm van godsaligheid, maar ontken die openbarings, die Mag en die werking van die Gees; draai weg van sulke mense." Sien? Nou let op, hy het gesê: "Want dit is die soort wat van huis tot huis sal gaan, en dwase vroue sal lei …" Dit beteken nie Heilige Gees vroue nie. "Dwase vroue wat weggelei word deur verskillende begeerlikhede."

46 Verskillende begeertes! Hulle hou net daarvan om in elke dingetjie in te gaan waarin hulle kan, en alle soorte verenigings; en lewe op enige manier wat hulle wil, en, steeds: "Ons gaan kerk toe. Ons is net so goed soos enigiemand." Danse, partytjies, sny hulle hare, verf, trek enigiets aan wat hulle wil; steeds: "Ons is—ons is Pinksters. Ons is—ons is net so goed soos enigiemand." O! Jou eie werke identifiseer jou. Waar. Let op.

47 Maar hy het gesê: "Mense met goddelose verstand, aangaande die Waarheid." Wat is die Waarheid? Die Woord, wat Christus is. "Aangaande die Waarheid."

"O, jy maak … Jy, jy's 'n vrouedrywer. Jy haat vroue. Jy doen *dit, dat*."

Nee, meneer. Dis nie reg nie. Dis 'n—'n leuen. Ek haat nie vroue nie. Nee, meneer. Hulle is my susters, as hulle susters is. Maar die ding wat ek …

Liefde is teregwysend. As dit nie teregwysend is nie, is dit nie liefde nie. As dit is, dan, as dit liefde is, is dit—is dit phileo liefde en nie agapao nie, ek sal dit vir julle sê. Hulle mag 'n bietjie phileo liefde hê vir 'n mooi dame. Maar agapao liefde is 'n ander ding, dis 'n liefde wat die ding regmaak, en God ontmoet êrens waar ons Ewiglik kan lewe. Sien? Ek het dit nie bedoel, miskien, op die manier wat dit geklink het nie, maar ek … Julle weet wat ek—ek … Ek hoop julle verstaan. Goed.

48 Nou, maar, onthou, hy het gesê: "Soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het, so sal hulle. Maar hulle dwaasheid is gou gemanifesteer."

Hoekom? Toe Moses opdrag gegee is om iets te doen wat radikaal gelyk het, maar, hy het soontoe gegaan net so eerlik as wat hy kon wees. En God het vir hom gesê om hierdie, hierdie stok te neem, en dit neer te gooi, en dit sou in 'n slang verander. Toe, het Hy dit gedoen, om hom te wys dat dit sou gebeur. En voor Farao, het hy daar gestaan net soos God hom opdrag gegee het, en sy stok neergegooi, en dit het in 'n slang verander.

49 En ongetwyfeld het Farao gesê: "'n Goedkoop towenaarstoertjie!" So hy gaan en kry sy Jannes en Jambres. Gesê: "Ons kan daardie dinge ook doen." En hy het die stok neergegooi, en hulle het slange geword.

Nou wat kon Moses doen?

Wat was dit? Dit was 'n bewys dat, vir elke egte ding van God, het die duiwel 'n nabootser daarvoor. Hulle boots na, om die mense van die spoor af te gooi.

Wat het Moses gedoen, gesê: "Wel, ek reken ek het 'n fout gemaak. Ek beter teruggaan"? Hy het net stilgestaan, want hy het sy opdrag uitgevoer, tot die letter.

Toe, voor jy weet, het Moses se slang die ander een opgeëet. Sien? Het julle ooit gewonder wat het van daardie ander slang geword? Waarheen het hy gegaan? Moses het die stok opgetel en weggegaan daarmee. Hy het wonderwerke daarmee gedoen. En daardie slang was aan die binnekant van hierdie ander stok. Sien? Dis wonderlik. Is dit nie? Ja, meneer.

50 Nou, antichris kom aan die lig, geleidelik. Ek wil hê julle moet dit oplet. Nou, wanneer julle hoor …

Nou, vir my Katolieke vriende, sit net stil net 'n oomblik, en nou; en dan gaan ons sien waar die

Protestante is; waar ons almal is, sien.

Let op, die eerste kerk, wanneer die Katolieke kerk sê dat hulle die eerste was, die oorspronklike kerk, is hulle presies reg. Hulle was. Hulle het begin by Pinkster. Dis waar die Katolieke kerk begin het. Nou, ek het dit skaars geglo, totdat ek geskiedenis gelees het, en ek het uitgevind dis reg. Hulle het begin by Pinkster. Maar hulle het begin dryf, en julle sien waar hulle is.

En as Pinkster dryf met die spoed wat dit nou dryf, sal hulle nie tweeduisend jaar hoef te gaan nie. Oor 'n honderd jaar van nou af, sal hulle verder weg wees as wat die Katolieke kerk is. Dis reg.

51 Maar let op, hoe, hierdie wit perd ruiter. Nou ons gee dit net agtergrond, 'n bietjie, totdat ons hierdie Seël tref. Nou let op die wit perd ruiter, toe hy uitgegaan het, dien hy—hy in drie stadiums. Die duiwel, soos ek nou die aand aan julle bewys het, is in 'n drie-eenheid, net soos God. Maar dis dieselfde Duiwel die heeltyd, in drie stadiums. Let op sy stadiums. In die eerste stadium, het hy ingekom …

Die Heilige Gees het geval, en mense het alles in gemeen gehad. En die Gees van God was op hulle. En die apostels het van huis tot huis gegaan, brood gebreek saam met die mense. En daar het groot tekens en wonders plaasgevind.

En—en toe, voor jy weet, het Satan begin om 'n geruis te laat gebeur.

Toe, na 'n ruk, het hierdie slawe en die armes van die land, wat die Heilige Gees ontvang het, uitgegaan in verskillende plekke, getuig. Hulle het getuig aan hulle meesters.

52 En naderhand, het daar begin, o, soos leërkapteins en—en die verskillende mense. Die beroemdes het die galantheid begin sien, en die wonderwerke en tekens wat hierdie mense gedoen het, so hulle het die Christendom aanvaar.

Wel, toe, julle sien, hy het die Christendom aanvaar, en daar afgaan na 'n plek waar hulle ontmoet het, in 'n klein ou donker, vuil saal; en hulle hande geklap, en uitgeroep, en in tale gepraat, en boodskappe ontvang het. Wel, hy kon dit nooit neem na sy—sy mededinger, of wat dit ookal is, in sy besigheid nie. "Hy sou Dit nooit glo nie, nie so nie." Sekerlik nie. So, hy moet Dit opmaak. So hulle het begin bymekaar kom, en begin dink: "Nou sal ons iets 'n bietjie anders vorm."

53 En Jesus, dadelik, met die eerste kerkeeu, het Hy vir hulle gesê. In die 2de hoofstuk van Openbaring hier: "Ek het iets teen julle, want hierdie dade van die Nikolaïete."

Nikao, "oorwin" die heiliges. Met ander woorde, hulle wil maak, in plaas van almal een te wees, wil hulle een of ander heilige ou maak. Hulle wou 'n soort van 'n … Hulle wou dit die patroon gee van heidendom, waar hulle uitgekom het, en hulle het dit uiteindelik gedoen.

Nou kyk. Eerste: "Nikolaïeties." Die Nikolaïete was genoem, in die Bybel, "antichris," omdat dit teen die oorspronklike Leer van Christus en die apostels was.

54 Ek wil nie hierdie man se naam noem nie. Hy's 'n vername man. Maar ek was by sy byeenkoms, hier 'n paar jaar gelede. En hy het geweet ek was daar, want ek het sy hand geskud. En hy het gesê: "O, julle weet, ons het vandag so 'n ding wat hulle Pinksters noem." En hy het gesê: "Hulle, hulle vertrou op die Boek van Handelinge." En hy het gesê: "Julle sien, die Handelinge was net steierwerk vir die Kerk."

Kan julle julle voorstel, 'n man wat die Bybel bestudeer het, 'n moedige ou man, en die Bybel bestudeer soos daardie kêrel het, en dan so 'n opmerking maak? Dit het geklink, dit het nie … Dit—dit klink selfs nie soos die Heilige Gees nie. Wel, dit moet nie wees, nêrens nie.

55 Want, enigiemand met algemene begrip sal weet dat die Handelinge van die Apostels nie dade van die apostels was nie. Dit was die handelinge van die Heilige Gees in die apostels. Weet julle nie hoe ons dit gevorm het in die kerkeeue nie? Daardie Gediertes wat daar sit, die Ark daar dopgehou. Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes, wat daar gestaan, Dit gesien het. En Daar is wat gebeur het, die resultate van die skrywe van Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes.

Dis wat die boom voortbring, sy eerste tak, en dis wat gebeur het. En as daardie boom ooit 'n ander tak voortbring, sal hulle nog 'n boek van dade daarna skryf. Want, julle sien, dieselfde Lewe moet in dieselfde ding wees.

56 So nou, vandag, wanneer ons kyk na ons denominasionele kerke, Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, Lutherse, kerk van Christus (sogenaamd), en Pinksters en dinge, waar vind ons dit? Jy vind dit nie.

Ek sal erken dat die Pinksters die naaste ding Daaraan het wat daar is, want hulle is hier in die Laodicése Kerk Tydperk. Hulle het Waarheid gehad en Dit verwerp. Hulle het louwarm Daarmee geword, en God het hulle uit Sy mond gespuug. Dis presies volgens die Skrifte.

Jy kan nie daardie Skrifte laat lieg nie. Sien? Hulle gaan altyd eerlik wees. Moenie probeer om … Die enigste ding, moenie probeer om jou gedagte in lyn te bring met die … of die Skrifte volgens jou gedagte nie. Maar bring jouself in lyn met die Skrifte. Dis, dan beweeg jy met God. Maak nie saak hoeveel jy moet wegsny, of eenkant lê, kom in lyn met Dit. Sien?

57 Kyk wat Dit gedoen het die eerste keer toe Dit geval het. Wel, as God die eerste keer so opgetree het, moet Hy die tweede keer so optree. Hy moet elke keer so optree, of Hy het die eerste keer verkeerd opgetree.

Sien, ons as sterflinge, ons kan foute maak. God kan nie.

God se eerste besluit is perfek. En die manier waarop Hy gekies het om dinge te doen, daar kan geen ander, beter manier wees nie. Hy kan nie daarop verbeter nie, want dis perfek, om mee te begin. As dit nie is nie, dan is Hy nie oneindig nie. En as Hy oneindig is, dan is Hy alwetend. En as Hy alwetend is, is Hy almagtig. Amen! Hy moet dit wees, om God te wees. Sien? So jy—jy kan nie nou sê: "Hy het meer geleer nie." Hy het nie meer geleer nie, Hy is die—Hy is die einste fontein van alle wysheid. Sien?

Ons wysheid hier kom van Satan. Ons het dit geërf van Eden, waar ons geloof verruil het vir wysheid. Eva het dit gedoen.

58 Nou, hy was eerste antichris genoem. Die tweede stadium, is hy die vals profeet genoem, omdat daardie gees onder die mense vleeslik word.

Julle onthou, nou die wit perd ruiter het geen kroon gehad toe hy begin het nie, maar toe is hy … 'n kroon gegee. Hoekom? Hy was die Nikolaïetiese gees, om mee te begin; en hy het vleeslik geword in 'n mens; en toe is hy gekroon, en het 'n troon ontvang en was gekroon. En hy het dit gedoen vir 'n lang tyd, soos ons sal sien soos ons … die Seëls breek.

En dan vind ons uit, na daardie lang tyd, is Satan uit die Hemel geskop. En hy het afgekom, volgens die Skrifte, en homself op die troon geplaas. Dink net, homself getroon in daardie man, en 'n gedierte geword. En hy het mag gehad, opperste mag, soos wat hy gedoen het, al die wonderwerke en alles, die—die, of die moorde en bloedige gevegte en alles wat—wat Rome kon oplewer. Goed. Hy het doodgemaak deur wrede, Romeinse straf. Net, o, hoe sou ons nie 'n paar Skrifte hier kon inbring nie!

59 Onthou, Jesus Christus het gesterf onder die straf van Rome, doodstraf.

Die Boodskap wat ek in my hart het, om hier te preek met hierdie volgende byeenkoms, op die middag van Goeie Vrydag, bring bymekaar drie, vier goed, sien. "Daar kruisig hulle Hom." "*Daar*," die heiligste, godsdienstigste plek in die wêreld was Jerusalem. "*Hulle*," die heiligste (veronderstel om te wees) mense in die wêreld, die Jode. "Daar *kruisig* hulle," die wreedste straf wat Rome kon gee. "Kruisig *Hom*." Wat? Die belangrikste Persoon wat ooit gelewe het. "Daar het hulle Hom gekruisig." O, goeiste!

God help my om Dit in te bring by daardie klomp sakemanne, dat hulle kan sien waar hulle staan. Goed. Nou, nie om anders te wees nie, nie om aaklig te wees nie; maar om Dit te skud, totdat daardie broers kan sien dat hulle hooggeplaastes en heilige vaders, en dinge wat hulle in hierdie Sakemanne se joernaal opskryf, is onsin. Christene is nie veronderstel om enige mens "Vader" te noem nie. Hulle begin dit. Ek het hulle probeer help in alles wat ek kan. Julle sien nou waar hierdie band gaan. So, ek's klaar. Ek sal beslis niks anders daarmee te doen hê nie. Goed. Eerstens, onthou Christus.

60 Eerste, as Nik- … Nikolaïeties, en wat het die Nikolaïetiese tydperk voor gevra? Dit het gevra om weg te kom van daardie klomp mense wat skree en hulle hande klap, en wat skandelik lyk; soos hulle op Pinkster gedoen het, opgetree soos dronk mense, gesteier in die Gees, en goed. Hulle wou niks van daardie goed hê nie. Hulle het gesê hulle was dronk. En toe die beroemde … Luister! Moet dit nie mis nie. Dit mag vir jou mal klink, maar dis die Waarheid. Toe die—die hooggeplaasdes begin inkom het, kon hulle nie staan vir dit nie.

Wat God groot maak, is omdat Hy groot genoeg is om neer te buig. Dis wat Hom groot maak. Daar is niks groter nie. En Hy het die laagste gebuk wat enigeen kon neerbuk, wat enige menslike wese ooit neergebuk het. Hy was die Koning van die Hemel, en Hy het gekom na die—na die laagste stad op die aarde, Jerigo. En Hy het so laag geword dat selfs die kortste man in die dorp op Hom moes neerkyk, om Hom te sien. Is dit reg? Saggéüs. Dis reg. Hy is die slegste naam genoem wat enige mens genoem kan word: "'n towenaar, 'n duiwel, Beëlsebub." Dis wat die wêreld van Hom gedink het. Het die wreedste dood gesterf. Het nie 'n plek gehad om Sy hoof neer te lê nie. Uitgeskop, deur elke organisasie.

61 Maar toe God Hom verhef het, so hoog dat Hy moes afkyk om die Hemel te sien. Kyk hoe, God, in nederigheid. Sien? En Hy gee Hom 'n Naam so groot dat die hele familie van die Hemel na Hom vernoem is, en elke familie van die—die aarde. Die hele familie op aarde word "Jesus" genoem. Al die families in die Hemel word "Jesus" genoem. En so 'n Naam, dat, elke knie sal buig, en elke tong sal bely, aan Hom as Here; óf hier óf in die hel. Hel sal daarvoor buig. Alles anders sal daarvoor buig. Sien? Maar eers was dit

nederigheid, toe het dit groot geword. Sien? Laat God verhef. "Hy wat homself verneder, sal God verhef." Sien?

62 Nou, ons let op hierdie *nikao* gees wou wysheid hê, slimmer. Dit moes dit uitredeneer, soos dit was in Eden, redeneer teen die Woord van God, deur die wysheid, en die kerk het daarvoor geval. Wat was dit?

Nou, laat ons sê, vat hierdie kerk hier, en neem 'n klomp mense soos ons is, as julle nie werklik Geesvervuld was nie. En laat ons vat, sê … Nou, niks teen die burgemeester van ons stad nie. Ek dink nie ek ken hom nie, Mnr. Bottorff. Is hy steeds burgemeester, Mnr. Bottorff? Sien, ek weet nie … Mnr. Bottorff is 'n goeie vriend van my, sien. Maar, sê, die burgemeester van die stad, en al die polisiemag, en —en al die hooggeplaasdes, en hulle—hulle kom almal hiernatoe. Voor jy weet, as hulle net 'n dingetjie in hulle kop het, en begin praat met die raad en die mense hierrond, en sê: "Nou weet julle wat? Dit behoort anders te wees." As jy nie Geesvervuld is, en 'n ware Geesvervulde man agter die preekstoel het nie, voor jy weet, maak jy voorsiening vir hulle. Miskien nie hierdie geslag nie; miskien die volgende geslag.

63 En dis hoe dit begin het. Sien? Hoekom? Hulle het gesê: "Kyk hier. Dis redelik." Julle, julle sou luister.

Sê 'n man kom hier in, wat sê: "Hierdie kerk is te klein. Laat ons 'n groot kerk bou. Ek sal vir julle een hier bou, dis … dit sal soveel geld werd, 'n halfmiljoen dollar. Dit sal opgesit word. Ek sal die ding adverteer." Wanneer hulle dit doen, dan het hulle bybedoelings; nege keer uit tien, julle weet, een van daardie soort. Voor jy weet, dan, as hy het, bestuur hy dinge om homself te pas. "Jy kan niks sê nie, want Broer John Doe daaragter, hy's die trustee van hierdie kerk." Sien? En dan kry jy 'n klein skermutsel uit een of ander teologieseskool, wat omtrent soveel van God weet as wat 'n Hottentot van Egiptiese nag weet, en hy sal vir daardie kêrel sorg, want hy koop vir hom 'n nuwe motor, laat hom die heeltyd rondry, en koop vir hom *dit, dat,* en die ander.

64 Nou, dis presies hoe dit begin het. Reg. Let op, wysheid en slimheid! Hulle sê: "Nou kyk hier, is dit nie net verstandig nie? Nou, die … ons—ons vroue, watse verskil maak dit hoe hulle hulle hare dra?" Maar die Bybel sê dit maak wel 'n verskil. Neem net daardie een ding, behalwe die honderde ander. Sien? Dit maak wel 'n verskil. God het gesê dit maak 'n verskil, so dit is 'n verskil.

Maar, julle sien, as hulle dit begin, en die trustees, en diakens en alles, voor jy weet, is die pastoor aan boord of hy is uit. Dis al. Sien, dis die mense wat dit ingestem het. Goed.

65 Nou let op, daardie gees begin beweeg, en die kerk wat dit is, dit, het soveel waardigheid daarin, soveel groot dinge, en soveel geld daarin, dat hulle na 'n ruk daarna luister en daarvoor val, die kruheid van die duiwel.

En dis die einste ding wat Eva in die tuin van Eden gedoen het. Nou, jy hoor dit. Dis reg. Kyk, die natuurlike vrou, Adam se bruid, voor hy by haar gekom het as 'n vrou, het hy geval vir die Satan se plan teen die Woord van God, deur redenasie oor Dit. Voor Adam met Eva as 'n vrou gelewe het, was Satan reeds daar. Dis reg. Julle het *The Bride Tree* gehoor, ek het gepreek daaroor. Dit praat daarvan, sien. Goed. Nou let op, daar, Eva het geval vir redenasie. Nou hy, Satan, het probeer redeneer oor Dit.

Sy het gesê: "Maar die Here het gesê …"

Hy het gesê: "O, jy weet, sekerlik sal die Here nie. Sien? Jy, jy wil wys wees. Jy wil iets weet. Wel, jy's niks anders as 'n dom kind nie. Sien? Jy behoort iets te weet." As dit nie Satan is nie! O, goeiste!

As dit nie party van hierdie, moderne, is nie: "O, hulle is net 'n klomp heilige maltrappe. Moenie enige aandag aan hulle gee nie, julle sien. Moenie gaan … Sien?"

66 Nou, die natuurlike, eerste bruid van die menslike ras, voor haar man by haar gekom het, het sy geval van genade, deur te luister na Satan se leuen, nadat God haar versterk het met Sy Woord. As sy onder die Woord gebly het, sou sy nooit geval het nie. Nou dis in die natuurlike, let op, die natuurlike vrou.

En wat was die vloek, die werklike vloek om onder God se Woord uit te gaan?

Onthou nou, sy het omtrent agt-en-negentig persent Daarvan geglo. Maar jy moet net een Ding laat gaan. Sien? Sy het baie Daarvan geglo. O, sekerlik. Sy het Dit gesê, en Satan het erken Dit was reg. As hy jou net in een hoek kan kry, dis al wat hy wil hê. Sien? Enigste ding wat jy hoef te doen is om die koeël 'n effense draai *die* kant toe te gee, en dit sal die teiken mis. Sien? Dis al. Nou, sy het soveel Daarvan geglo, maar dit tog gemis.

67 Nou, en die—en die resultate, omdat sy die Woord gelos het, vir een stukkie redenasie.

Wel, sê nou: "Wat van die vroue?" Of: "Waarom wil jy oor so-iets praat?" Maar enige van daardie klein dingetjies. "Wat is die verskil, of dit aanvanklike bewys is?" Daar is iets daaraan! Jy het …

Dit moet reggestel word. Ons het veronderstel oor Dit, deur sewe kerkeeue, amper. Maar die uur het gekom wanneer God Dit spreek. En Hy spreek Dit nie net nie, maar Hy wys Dit, en bevestig Dit, en bewys Dit. Dis reg. As Hy dit nie doen nie, dan is dit nie God nie, dis al. God staan agter Sy Woord.

Let nou op. Nou, die natuurlike vrou het natuurlike dood veroorsaak, omdat sy geluister het na rede, om haarself wys te maak, haarself wys te maak in plaas van om onder die Woord te bly en te doen wat God vir haar gesê het. Sy wou wysheid hê, en wys wees. En sy het geluister na rede, en—en sy het die hele menslike ras verloor. Sien?

68 Nou, hierdie keer, het die geestelike vrou, die Bruid van Christus wat op die Dag van Pinkster begin het, met die vroeë apostoliese Kerk, dieselfde ding verloor by die Nicaea Raad. Lee, jy weet dis reg. En by—by die Nicaea Raad, toe sy haar geestelike geboortereg verruil het, om Konstantyn se groot kerke te vat en dinge wat hy hulle daar aangebied het, het sy haar Skriftuurlike geboortereg uitverkoop vir 'n klomp Romeinse dogma. Nou, dis moeilik vir die Katoliek. Maar die Protestant het dieselfde ding gedoen, en verteenwoordig, in die Bybel hier, as 'n dogter "van die hoer." Dis presies reg, elkeen van hulle! Daar is geen verskonings nie.

Maar daaruit was altyd 'n klein oorblyfsel, wat aangaan, wat die Bruid gaan maak.

Let op, sy het haar geboortereg verloor, sien, voor haar man by haar gekom het. Sien? Voor die troue, het sy haar reinheid verloor.

69 En nou onthou julle daar, sy het gesê: "Ek sit as 'n koningin. Ek het niks nodig nie," in die Laodicése Tydperk hier. "Ek is ryk en het baie goed, ensovoorts. En, o, die hele wêreld kyk op na my. Ek is die groot, heilige kerk, ensovoorts. Ons is *so*," die hele tydperk.

En Hy het gesê: "Jy weet nie dat jy naak, blind, ellendig, ongelukkig, arm, is en weet dit nie." Dis die toestand. Nou, as die Heilige Gees gesê het die toestand sou so wees in die laaste dae, dis so! Daar is geen manier om verby dit te gaan nie. Dis hoe dit is.

Nou kyk. Nou, toe sy haar geboorteregte destyds daar verkoop het, haar kuise reg, van die Woord, wat het sy gedoen? Toe Eva dit gedoen het, het sy die skepping verloor; die hele skepping het onder haar geval.

Nou let op, en toe die kerk dit gedoen het, dogmas aanvaar het in plaas van die Gees en die Woord, het dit die hele stelsel vervloek. Elke denominasionele stelsel wat ooit was, of ooit sal wees, is daarmee vervloek, en het geval, want daar's geen ander manier nie.

70 Wanneer jy 'n klomp manne bymekaar kry, om enigiets uit te sorteer, dink een op *so* manier, en een op *daai* manier, en een op *die* manier. En hulle sit die dinge bymekaar en skud dit, en, wanneer dit uitkom, is dit wat jy het.

Dis presies wat hulle by die Niceense Raad gedoen het. Dis presies wat hulle doen by die Metodiste, Presbiteriane, kerk van Christus, en die res van hulle. En geen mens, maak nie saak wat God aan hom openbaar nie, jy moet dit onderrig op die manier van hulle geloofsbriewe, wat hulle geloofsbelydenis sê, of hulle sal jou uitskop. Nou, moet my nie sê nie. Ek was al daar, sien, en ek weet dit.

71 En dis net presies wat gebeur het, so die hele ding is vervloek. Geen wonder die engel het gesê: "Kom uit haar uit, My mense, dat julle nie deelgenote is van haar plae nie." Want, sy gaan … Sy is vervloek, en sy moet boet vir die vloek van God se toorn op haar, omdat sy haar reinheid en reg verkoop het. Sien? Maar … O, goeiste!

Maar, onthou. Sien die kondisie, maar tog het God belowe, in Joël 2:25, as julle dit wil neerskryf: "In die laaste dae …"

Toe Hy gesê het: "Wat die wurm gelos het, het die ruspe geëet; wat die ruspe gelos het, het die—die sprinkane geëet; wat die sprinkaan geëet het …" Net verder af, gogga na gogga, het gekom en aan daardie Kerk geëet totdat Dit uiteindelik niks anders as 'n stomp was nie. Kyk! Wat die Romeine gelos het, het die Lutherane geëet; wat die Lutherane gelos het, het die Metodiste geëet; en wat die Metodiste gelos het, het die Pinksters geëet; sien, totdat sy net 'n stomp is.

72 En weet julle wat? Jy vat daardie wurms daar, die sprinkaan en ruspe, ensovoorts, en jy kyk na hulle af deur die—die boek, en vind uit. Dis dieselfde wurm in net verskillende stadiums.

Hou jou punt. So is hierdie Seëls! Dis dieselfde wurms. Julle gaan dit sien wanneer ons dit uitbring, so ek kan julle nou sê. Dis dieselfde wurm, die heeltyd. Vier van daardie wurms; vier hier. En daar is hulle, hulle is dieselfde ding. Dis dieselfde gees. Wat een gelos het, het die ander geëet; en wat *die* een gelos het, het die ander een geëet; so, totdat dit 'n stomp is.

Maar Joël het gesê: "Ek sal herstel, sê die Here, al die jare wat die wurm geëet het."

73 Wat is dit? Hoe gaan Hy dit doen; as dit begin het, antichris, deur teen die leer van Christus te wees, wat dogma in plaas van Woord aanvaar het? En deur die jare het die hervormers daaroor geval, soos die Bybel gesê het.

"Maar in die laaste dag, met die weerklank …" Openbaring 10:1-7, het Hy gesê: "Die verborgenhede van God sal in die laaste dae volbring wees, met die weerklank van die sewende engel." Maleági 4, het gesê dat Hy sou "Elisa stuur voor die bose dag op die aarde kom, wanneer Hy dit soos 'n oond sal verbrand. En hy sal herstel, en die—die kinders terugbring na die Geloof van die vaders,"Die oorspronklike, apostoliese, pinkster Geloof is belowe om herstel te word. Nou, dis net so duidelik as wat die Skrif dit kan sê. Nou dis belowe. En as ons in die laaste dae is, moet iets gebeur. Sien? En dit gebeur, en ons sien dit.

74 Let op Satan se drie-eenheid. Dieselfde persoon wat kom; net geïnkarneer, van een na die ander. Dis hoe daardie goggas gemaak het, daardie wurms, een na die ander, presies. Nikolaïeties: "geestelike antichris." Pous: "vals profeet." "Gedierte," die duiwel self, geïnkarneer. Hy kan dit nie doen nie …

Nou, hou dit nou in jou gedagte, wanneer jy die volg. Jy gaan sien hoe hierdie ruiters reguit kom tot dit. Sien, ek lê vir julle hier 'n prentjie uit. As ek dit op 'n swartbord gehad het, sou julle dit beter kon verstaan. Sien, ek kyk.

75 Eerste, nou. Julle onthou dit. Die eerste ding wat hy is, hy is 'n "antichris gees." Johannes het so gesê. "Kindertjies, die gees van antichris wat alreeds in die kinders van ongehoorsaamheid werk." Sien, daardie ding het reeds begin. En toe word dit soort van "'n gesegde," in die volgende kerk tydperk. En die volgende kerk tydperk, was dit "'n leerstelling." En die volgende kerk tydperk, is sy "gekroon". Nou is dit nie net so duidelik soos om enige plek dit te lees nie? Sien? Sien, daar kom hy.

Nou, eerste, is hy genoem (wat?) "antichris gees," omdat hy teen die Woord was. Dis wat dit begin het. Dis presies wat die hele ding begin het, was die wegdraai van God se Woord. Nie omdat Eva Kain dalk eendag 'n pak slae gegee het nie. Sien? Dit was nie wat dit gedoen het nie. Die eerste ding wat die hele ding begin het, was dat sy weggedraai het van die Woord. Sy het weggedraai van die Woord. En die eerste ding, het die prostitusie begin in die kerk van die lewende God, Christus se Bruid, sy het weggedraai van die Woord en Romeinse dogma aanvaar in plaas van God se Woord. Wat het met elke organisasie gebeur? Dit het presies dieselfde ding gedoen.

76 Nou, maar het belowe dat Hy in die laaste dae 'n weg sou maak om weer te herstel. Die Woord van die Here sou op die aarde val, soos Hy dit in die begin gedoen het, en, o, en sal weer herstel (wat?) wat dit begin het. "Teen die Woord." En wat is hierdie kêrel veronderstel om te doen wanneer hy kom, gesalf met God se Gees? Hy bring net "die Geloof van die kinders terug na die vaders." Dis hoe Hy herstel. En jy kry hierdie selfde Woord, in dieselfde plek wat Dit *Hier* is, Dit gaan dieselfde ding doen.

Jesus het gesê: "As enige mens Myne is! En hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." En toe hulle Hom gevra het om sekere dinge te doen, het Hy gesê: "Ek doen net wat die Vader My wys. Ek doen niks voordat ek dit eers sien nie. Wat ek die Vader sien doen, dit doen ek ook. Die Vader werk, en dan werk Ek tot hier toe." Sien? Sien julle dit nie? Wel, dis net soos om die koerant te lees. Sien?

Nou, nou, eerstens, toe, het hy 'n "antichris" geword.

77 Nou, hy kon nie net in gees antichris wees nie. Toe, het hy 'n antichris geword, en daardie gees het 'n man gevat wat dieselfde dinge onderrig het wat daardie antichris gees gedoen het, en toe het hy 'n "vals profeet" geword, vir die antichris gees. Nou wat van 'n man in 'n organisasie? Net soos jy verkies. Ek weet nie wat julle daarvan dink nie. Goed.

Nou, uiteindelik, word hy "'n gedierte." Nou wag, en ons sal daarby uitkom na 'n ruk, sien. Goed.

Nou, soos Satan se drie-eenheid so lê; Satan, die hele tyd. Satan: "antichris gees." Antichris gees, geïnkarneer: "vals profeet." Word dan, "die gedierte." Sien? Wanneer … Nie 'n duiwel, wat in daardie antichris was nie; maar wanneer Satan self uitgeskop word, kom hy af en neem die plek oor waar die bose gees was. Die duiwel, dan, dan is die Duiwel geïnkarneer in 'n mens. Dit herhaal homself net.

78 Dis wat Judas Iskariot was. En wat het hy gedoen? Was hy een van die ouens wat teen Christus was? Wel, hy was die tesourier, het saam met Hom geloop. Sekerlik. Het reg saam met hulle geloop. Het daar uitgegaan en duiwels uitgedryf, en net presies gedoen wat hulle gedoen het.

En Christus was die geïnkarneerde God; God, geïnkarneer in vlees, Emmanuel. En Judas was die seun van die verderf. En Jesus was Seun van God. Vleeslike God; vleeslike duiwel.

Party mense sien net drie kruise op daardie tydstip. Daar was vier van hulle. Daar was drie op Gólgota, wat ons sien. Dit was Jesus in die middel, 'n dief aan Sy linkerkant, en 'n dief aan Sy

regterkant.

En kyk. Een dief het vir die ander een gesê, of vir Jesus gesê: "As …" Nou, julle weet Hy's die Woord. Maar: "As U die Woord is, sal U nie Uself red nie? Sal jy nie iets daaromtrent doen nie?"

79 Dis dieselfde ding vandag. Het julle nie hierdie ou duiwels gehoor, sê: "As jy in Goddelike genesing glo, *hier* is iemand se oë, sal jy nie hulle oë oopmaak nie?" "Slaan my blind! Slaan my met blindheid!" Daardie selfde ou duiwel. Sien? "Kom van die kruis af, en ons sal U glo." "As U die Seun van God is, verander hierdie klippe in brood." Dieselfde duiwel.

Jy loop net weg, sien. Nee. Dis hoe Jesus dit gedoen het. Hy het nooit vir enigeen van hulle vermaak nie.

Sit 'n lap oor Sy hand … oor Sy kosbare oë, soos *die*. En hulle het 'n stok gevat, en Hom bo-op die kop geslaan. Gesê: "Vertel ons! As U 'n profeet is, sê nou vir ons wie U geslaan het." Hulle het die stok aangegee, een na die ander. "Sê nou vir ons wie U geslaan het, en ons sal glo U is 'n profeet." Hy het nooit Sy mond oopgemaak nie. Hy het net daar gesit. Sien? Hy vermaak nie. Hy maak net soos die Vader sê, julle sien. Sien? Laat hulle aangaan. Hulle tyd kom. Moenie bekommerd wees nie. Ja, Meneer. Nou, hulle het Sy kleed aangeraak, hulle het geen krag gevoel nie.

80 Maar 'n arme vroutjie, het 'n behoefte gehad, het net Sy kleed aangeraak. Hy het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?" Uh-huh. Is wat? 'n Ander tipe aanraking. Dit hang af van hoe jy Hom aanraak, jy sien, sien, wat jy glo. Nou, sien julle?

Nou, soos Satan gaan … homself gestalte gegee het, van antichris tot vals profeet nou. En in die dae van die Jood, is "antichris," tussen die vroeë kerk. In die donker eeue, het hy 'n "vals profeet," vir die wêreld geword. Sien haar daar met "haar beker van ongeregtigheid"? Nou, dis aan die kerk tydperk nou.

81 Maar in die tydperk nadat die Kerk Huis toe gaan, word hy 'n gedierte, hy word die duiwel in die vlees, die rooi draak homself. O, goeiste! Kan julle nie sien wat ek bedoel nie? Hy is dan vlees in sy mense. Hy het sy mense gebind deur sy krag. Die vals profeet het hulle reg daarin geprofeteer. "Gee hulle oor aan sterk dwalings, om 'n leuen te glo en daardeur veroordeel te word." "Ontken die Woord; met 'n vorm van godsaligheid."

God werk, Sy plek, in 'n drie-eenheid. Regverdigmaking; heiligmaking; en Homself gestalte gee in Sy mense, met die doop van die Heilige Gees.

Dieselfde ding, die duiwel is net in 'n tipe, na Christus. O, Satan inkarneer homself se … Nou kyk. Satan …

82 Wanneer Jesus Homself in Sy mense inkarneer, is die einste Lewe wat in Christus is in die persoon.

Wat sal dit doen as jy die lewe uit 'n wingerdstok neem en dit in 'n pampoenrank sit? Dit sal nie meer pampoene dra nie; dit sal druiwe dra. Wat as jy die lewe uit 'n perskeboom neem en dit in 'n peerboom sit? Sal dit pere dra? Nee. Dra perskes. Die lewe vertel wat dit is. Sien?

Wanneer jy sê, mense hoor sê hulle het die Heilige Gees, en ontken hierdie Woord, is daar iets verkeerd. Die Heilige Gees het daardie Woord geskryf.

En Jesus het dit gesê: "As 'n mens My Gees in hom het, sal hy My werke doen." Wil julle dit lees? Wil julle dit neerskryf? Dis Johannes 14:12. Ja. Goed. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Selfs meer as dit sal hy doen, want Ek gaan na die Vader." Sien? Dan heilig Hy en reinig hom, sodat hy voor God kan staan. Daardie druppel ink val daar, en neem hom oor die afgrond. Sien?

83 Nou kyk. Satan, wanneer hy homself inkarneer in sy onderdane, doen hulle die werk wat hy doen. Kan julle nie sien nie? Wat het hy gedoen? Kom reguit na daardie onskuldige vrou, om haar te mislei. En dis presies wat party van hierdie duiwels doen, kom reg in 'n plek in en sê … 'n Jong pastoor begin, iewers daarbuite; kom in en sê: "O, as julle net by ons aansluit!" Huh! Huh! Dieselfde duiwel werk. Nou, dis die Waarheid! En wanneer Satan vleeslik word in sy kerk, om 'n duiwel te wees, dan is hulle die wat die moorde pleeg en doodmaak, ensovoorts. Want, Satan is 'n moordenaar, in die eerste plek; 'n leuenaar en 'n … Sien? Goed.

Wat doen Satan wanneer hy dit doen, wanneer hy vlees word onder die mense? Dis sy plig om slu te wees. Hy is listig. Deursoek die Bybel, en wys jy my waar God ooit met intellektuele mense gehandel het. Soek daarna, en kyk of dit nie altyd die intellektuele is wat duiwelbesete is nie. Dis 'n groot woord, maar dis waar. Ek daag julle uit om die—die geslagslyn te neem, van Abel's na Kain; en, daardie veertien geslagte, gaan hulle deur, en kyk watter een was aan die slim kant, en wie was die nederiges. Uh-huh.

84 Waarom het Jesus nie sulke mense gekies nie? Hy het vissermanne en manne gekry wat nie eens

hulle eie naam kon skryf nie, om hulle aan die hoof van Sy Kerk te stel. Dis reg. Wysheid is—is niks; dis—dis teen Christus. Wêreldse wysheid is altyd teen Christus. Jesus het ons nooit gesê om teologieseskole te bou nie; Hy het dit nooit gedoen nie; Bybelskole hê. Hy het gesê: "Preek die Woord! Verkondig die Evangelie!" En dan as Hy gesê het: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo," sien, julle sal die … Met ander woorde, Hy het gesê: "Gaan demonstreer die Krag van God, aan alle nasies."

Nou kyk. Satan se plig is om die Woord van God te verdraai, na wysheid se redenasies. O, goeiste! O! Dan merk hy sy onderdane, deur die oorspronklike Woord te verwerp. Nou laat dit …

Sal jullle—sal julle—sal julle my net nog 'n bietjie toelaat, en dit begryp? Dit, ek wil nie hê julle moet dit mis nie. Laat ek julle die tipe wys, sodat julle dit alles in tipe en in die Woord kan sien, en alles. Jy—jy kan nie … Julle moet nie verward weggaan nie.

85 In die Ou Testament, toe 'n man as slaaf verkoop is. Daar het 'n jubeljaar gekom, elke vyftig jaar. Nege-en-veertig jaar, en dan die jubeljaar. En as 'n slaaf dit gehoor het, en hy wou vry gaan, dan is daar—is daar niks wat hom kan weerhou om vry te gaan nie. Hy kan sy skoffel neergooi, en sê: "totsiens," teruggaan huis toe. Die trompet het weerklink. Dis reg.

Maar as hy nie wil gaan nie, en hy tevrede is met sy slawemeester, dan word hy in die—die—die tempel geneem, en hulle vat 'n els … Julle weet wat 'n els is. En hulle het sy oor gedruk, en 'n gat in sy oor gemaak. En dis 'n merk, dat hy nooit kan teruggaan nie. Is dit reg? Hy moet hierdie meester dien vir die res van die tyd. Ek gee nie om hoeveel keer die jubileum weerklink, wat ookal gebeur nie. Hy het absoluut—het sy geboortereg uitverkoop, om vry te wees.

86 En wanneer 'n man die Evangelie Waarheid verwerp, merk Satan hom (waar?) by sy oor. Hy maak hom doof sodat hy nie meer die Waarheid kan hoor nie, en hy is klaar. Hy bly by die groep waar hy is, as hy nie die Waarheid wil hoor nie. Nee.

"Jy sal die Waarheid ken, en die Waarheid sal jou vrymaak." Sien, die Waarheid maak vry.

God merk Syne wanneer hulle kom. God merk Syne deur Sy beloofde Woord deur hulle te bevestig. Dis presies, Johannes 14:12. En nog 'n ding, as julle wil neerskryf, Markus 16. Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo."

87 Nou laat ons dit net vat, 'n oomblik. Het Hy geskerts? [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Het Hy net bedoel die … Het Hy net die apostels bedoel, soos sommige vir ons sal sê? ["Nee."]

Kyk. Lees die agtergrond daarvan. "Gaan julle in …" Waar? [Gemeente sê: "Die hele wêreld." — Red.] "Die hele wêreld." "Preek hierdie Evangelie aan …" Wat? ["Elke skepsel."] "Elke skepsel." Dit het nog nie eens 'n derde van die pad gegaan nie. "Hierdie tekens sal volg in die hele wêreld, aan elke skepsel, waar ookal hierdie Evangelie verkondig word. Hierdie tekens sal hulle volg wat glo," nie net een klein handjievol nie.

Soos 'n kêrel eenkeer vir my gesê het: "God het net die twaalf apostels gawes van genesing gegee. En …" O! So, baie van die broers het hier gesit toe hy opgestaan het om dit te sê, sien. Hy het dit gekry, binne 'n paar minute.

So let nou op: "Die hele wêreld, aan elke skepsel, hierdie tekens sal volg."

88 Moenie Satan se ongelowige merk neem nie. Nou, hy sal dit vanaand op jou sit, as hy dit kan doen. Hy sal jou teen die muur druk, en jy sal uitloop en sê: "Ek weet nie van dit nie."

Gaan huis toe en bestudeer Dit, en wees dan opreg, en bid. Want, alles is te—is te volmaak Skriftuurlik op hierdie einste uur, hierdie heilige uur in tyd. Dit is al vir jare so, bewys, kom reg daarby. En dit is die uur. Hierdie is die tyd.

En nou moenie dat hy dit in jou oor steek nie, sy ongelowige merk. Sien? Want, hy was 'n ongelowige, om mee te begin. Hy het Dit betwyfel. Goed. O, moet nie laat … Moenie dat hy die Skrif neem, met sy wysheid, en—en Dit draai en Dit verlei met sy eie wysheid, in redenasie magte nie. Jy moet net nederig wees, en sê: "God het so gesê, en dis al wat daaraan is." Nou, o, laat ons …

Ons gaan te laat word, so ons beter net hier stop en—en begin.

89 Nou laat ons na die Tweede Seël gaan. Toe die geslagte, opgestane Lam dit oopgemaak, en die tweede, kalfagtige Gedierte, gesê het: "Kom, kyk wat die Seël geheim is." Sien? Nou ons begryp dit. Die Lam, onthou, moet elke Seël oopmaak. En die tweede Gedierte …

As julle dit opgelet het, in die roetine wat ons pas deurgegaan het, met die kerk tydperke, dieselfde ding. Die tweede … Eerste was 'n leeu; die volgende was 'n—was 'n … was soos 'n kalf, of os, of iets, julle sien.

En hierdie Gedierte het gesê: "Kom, kyk," nou, toe die Lam die Seël oopgemaak het. En, het, toe gaan kyk. En toe hy ingestap het, wat het gebeur? Laat ons sien wat hy nou gevind het. "Kom, kyk." Daar's 'n verborgenheid hier verseël, wat hier nou was vir tweeduisend jaar, omtrent. Laat ons sien wat dit is.

90 Nou ons vind hier dat hy gesien het (wat?) 'n rooi perd gaan vooruit. Nou, volgens my begrip, my insig, hierdie groot swaard wat hy in sy hand het … Nou ons het omtrent drie dinge om nou na te kyk, vir omtrent die volgende vyftien, twintig minute. Laat ons net lees en sien wat Hy hier sê. "En daar het uitgegaan …" Die 4de vers.

> *En 'n ander perd, 'n vuurrooie* (die eerste een was wit) *het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak: en 'n groot swaard is aan hom gegee.*

91 Nou daar is simbole hier, en ons wil baie mooi daarna kyk. Maar, volgens my begrip, die beste wat ek nou weet, julle sien, Jesus het dieselfde ding voorspel in Matthéüs 24. Sien? Hy het gesê: "Nou julle gaan hoor van oorloë en gerugte van oorloë, en net oorloë en gerugte van oorloë, en oorloë. En, maar," gesê: "al hierdie is nog nie. Sien, tyd is nog nie." Sien, hulle het Jesus drie vrae gevra. Sien? En Hy het hulle geantwoord in drie vrae.

Daar is waar baie van ons broers verstrengel geraak het, probeer plaas … Die Adventiste broers, omtrent daardie, sewende dag ensovoorts, terug daar, die … "Wee haar wat kind het, wat suig, en die poorte sal op die sabbat toe wees," en sulke goed. Goeiste! Dit het glad nie eens betrekking op die vraag nie, sien, glad nie. Sien?

92 Hy het geantwoord wat hulle gevra het, maar Hy het nie—Hy het nie—het dit nie alles op die laaste dae toegepas nie. Hy het gesê: "Julle sal hoor …" Nou ons werk hier aan hierdie een ding. Ons sal by nog meer daarvan uitkom, in 'n paar aande. Kyk. Hy het gesê: "Julle sal hoor van oorloë, en gerugte van oorloë, ensovoorts. Dan is dit alles nie … Sien, dan sal hulle—hulle sal weer teruggaan, dan sal hulle julle uitlewer, ensovoorts soos dit. En alles, dit alles is nog nie reg nie."

Maar toe Hy by die tyd gekom het toe Hy met hulle wou praat waaroor hulle Hom gevra het: "die einde van die wêreld."

"Wanneer sal al hierdie dinge wees, wanneer daar nie een klip op 'n ander sal wees nie? Wat sal die teken wees? En wanneer sal kom, die einde van die wêreld?" Sien, hulle het Hom drie dinge gevra. Toe Hy gekom het by: "Die einde van die wêreld?"

Hy het gesê: "Wanneer julle die vyeboom sien bot, dan weet julle dat die tyd voor die deur is. En voorwaar Ek sê vir julle, dat, hierdie geslag nie sal verbygaan voordat alles vervul is nie." Die ongelowige, sonder die interpretasie, hou daarvan om daarop in te gaan! Sien? Hy het gesê: "Hierdie geslag," nie die geslag waarmee Hy gepraat het nie: "die geslag wat die vyeboom sien bot."

93 Nou ek wil julle net iets vra. Kyk net—kyk net na iets hier reg in die gesig. Israel is nou, vir die eerste keer vir vyf-en-twintig honderd jaar, 'n nasie. Die oudste vlag in die wêreld wapper vanaand oor Jerusalem. Israel is in haar tuisland.

Daar was 'n broer hier wat eenkeer 'n sendeling wou wees, het gevoel om sending werk te gaan doen vir die Jode. Ek het gesê: "Jy mag nou en dan een kry." O, mense dink, die hele nasie! Nee, meneer.

Israel word bekeer as 'n nasie, nie as 'n persoon nie. "'n Nasie sal in 'n dag gebore word." Dis Israel. "Die hele Israel is gered." Onthou dit net. Paulus het so gesê: "Die hele Israel is gered." Nou let op: "Die hele Israel." Dis presies reg.

94 Nou let op na dit. "Maar," het Hy gesê: "wanneer julle die vyeboom, en al die ander bome, hulle botsels sien voortbring." Nou kyk. Daar was nooit 'n tyd, vir vyf-en-twintig honderd jaar, wat Israel ooit na haar tuisland gekom het nie. Ons het die vertonin gekryg, van *Drie Minute Voor Middernag*, julle onthou. Daar is sy, 'n nasie, die sespunt-ster van Dawid, wat wapper, en al hierdie dinge.

Was daar ooit 'n tyd wat die denominasies herlewings gehad het soos hulle in die laaste paar jaar gehad het? Nou bestudeer dit net. Wanneer ons by die huis is.

Wanneer het die denominasies ooit geblom onder enige mens se bediening, soos dit het met Billy Graham s'n; Metodiste, Baptiste, ensovoorts? Wanneer was daar ooit 'n man, kyk in die geskiedenis, wat ooit uitgegaan het na die kerk formeel, met die naam wat eindig met h-a-m, voorheen? Vra julleself net. A-b-e …

A-b-r-a-h-a-m. Nou kyk, Abraham se naam het sewe letters, A-b-r-a-h-a-m.

Maar ons Broer Billy Graham, het G-r-a-h-a-m, ses, nie sewe nie. Die wêreld, dis waar hy diens

verrig, natuurlike kerk.

95 Kerk natuurlik, was Lot, in Sodom. En toe hierdie kêrel daarheen gegaan en gepreek het, was hulle verblind deur die Evangelie.

Maar daar was Een Wat by Abraham gebly het, en Abraham het Hom genoem, "Elohim, Here." Nou toe Abraham drie gesien het, het hy gesê: "My Here."

Toe Lot twee gesien het, het hy gesê: "My here." Daar is jou verskil. Sien julle drie-eenheid werk? Sien?

Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Lot." Sien julle dit? Let op. Tel dit.

96 Nou, daar was Een wat geestelik na die Kerk gekom het, die Bruid, Abraham, wat nie in—in Sodom was, om mee te begin nie. En kyk wat Hy gedoen het. Hy het nooit gepreek soos hulle nie. Hy het hulle geleer, maar toe het hulle die teken vir hulle gegee. Hy het die Messiaanse teken gegee. Hy het Sy rug gedraai na die tent, en Hy het gesê: "Abraham." Onthou nou, sy werklike naam, 'n paar dae tevore, was Abram. Maar Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, S-a-r-a-h?" 'n Paar dae voor dit, is dit genoem S-a-r-r-a.

Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

En Hy het gesê: "Abraham, ek …" Daar is jou persoonlike voornaamwoord weer. "Ek gaan jou besoek volgens die belofte wat Ek jou gemaak het." Julle sien wat dit was. Sien? 'n Man, met stof op Sy klere, eet die vleis van 'n kalf, en drink die melk van die koei, en eet mieliebrood. Ja, meneer. God, Elohim, gemanifesteer in vlees!

Het belowe, in die laaste dag, om Homself weer in vlees te manifesteer! Let op.

"Abraham, waar is jou vrou, Sarah?"

"Sy is in die tent, agter U."

Gesê: "Ek gaan jou besoek."

97 En die dame, natuurlik, seinde 'n honderd jaar oud, sy het soort van in haar mou gelag; agter in die tent nou, agter die gordyne in die tent. Sy het gesê: "Ek, 'n ou vrou." Wel, dit het opgehou om te wees, as man en vrou, vir jare, julle weet, want hy was honderd jaar oud, en—en—en sy was negentig. Gesê: "Dit sal nooit gebeur nie."

En Hy het gesê: "Waarom het sy gelag?" Sjoe! Met Sy rug gedraai na die tent: "Waarom het sy gelag, gesê: 'Hoe kan hierdie dinge wees?'" Sien, Hy het hom 'n teken gewys.

Nou Hy belowe dat dit sal herhaal word in die endtyd, weer.

En die twee manne het daarheen gegaan en die Woord verkondig, en vir hulle gesê om daar uit te gaan; die plek sou brand, ensovoorts. En dit het. En Lot het gewankel; die kerk natuurlik, onder in sonde, en in die modder, maar tog voort gesukkel in hulle organisasie programme. Maar die Bruid …

98 Daardie een Man het nooit na hulle gegaan nie. Hy het net gegaan en die Bruid tipe genoem. Nou ons is in die laaste dae. Sien? Nou let op.

"Jy het daar gesê: 'God, gemanifesteer in die vlees'?"

Jesus het gesê, Homself: "Hoe veroordeel julle My?" Gesê: "Is dit nie geskrywe in julle Bybel, julle wette, dat hulle, die profete, na wie die Woord van God gekom het …" Jesus het gesê: "Die Woord het na die profete gekom," want Hy was Skriftuurlik in alle dinge. Hy het gesê: "Nou, die Woord van God sê, dat: 'Die Woord het na die profete gekom.' En julle het hulle 'gode' genoem, want die Woord van God het na hulle gekom." Gesê: "Hoe gaan julle My dan veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?" Met hulle eie wet, het Hy hulle gevang. Daar het julle dit. Sien?

99 Nou waar is ons? Ons is by die endtyd. Nou luister nou baie mooi.

